

**Kolossense 3,12-17**  
**Kantate 24 April 2016**

Beklee julle dan, **as die uitverkorenes van God**, julle **heiliges en geliefdes**, met innerlike meegevoel, opregte vriedelikheid, nederigheid, sagmoedigheid en geduld. Al sou een van julle rede hê om te kla oor wat 'n ander een aan hom gedoen het, moet julle mekaar verdra en mekaar vergewe soos Christus julle vergewe het. Beklee julle bo alles met liefde, want liefde is die band wat julle op volmaakte manier saambind. Die vrede wat God ons gee, moet in julle harte woon, want God het **julle geroep om een liggaam te wees** wat in vrede lewe. Wees dankbaar. Laat in julle harte die woord van Christus met als sy rykdom woon. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere. Sing met julle hart en met dankbaarheid om die Here te eer - Alles wat julle doen en alles wat julle sê, doen dit **in die naam van die Here Jesus** gedoen word, en sê God die Vader dankie deur Jesus.

Liewe gemeente,

**Opstandingslewe** is God se lewe vir jou! Opstandingslewe is vir ewig en vir nou. Opstandingslewe is vir almal om te groei en te bou.

Wie die afgelope paar Sondae opgelet het, sal agtergekom het, dat ek telkens klem lê op een of ander aspek van die gemeentelewe - insigte wat ons direk aangaan, hier in die gemeente, as Paulusgemeente in Pretoria, as lid van 'n geloofsfamilie in die sinode van SA en deel van die wêreldwye kerk van Jesus Christus.

Soos julle in die teksgedeelte (hierbo) sien, verwys Paulus telkens na die identiteit van die gemeente: julle is **die uitverkorenes van God**. Nou, dit is woordeskat wat uit die Ou Testament spruit - dis hoe oud-Israel hul'self behoort te verstaan het: God het één nasie bo 'n magdom van ander uitgehaal. Maar let op die begin van die uitverkiessing: Abraham (vertel bietjie omstandighede).

En let op die bedoeling van die uitverkiessing reeds met Abraham: Gen 12:1-3 **En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.**

Met ander woorde, dit was nie 'n *eksklusiewe* uitverkiessing nie waar alle ander mense van uitgesluit sou wees nie, maar 'n *inklusiewe* uitverkiessing waarby die hele mensdom sal baat vind! Die bedoeling van Israel se uitsonderlike status dwars deur die Ou Testament was dat alle nasies aanhand van Israel kan sien en ervaar: watter God dit is wat Israel dien. Die seën wat Abraham ervaar het, het deurgesypel na almal met wie Abraham te doen gehad het, en uiteindelik sal alle nasies geseënd wees. Aanhand van hoe dit later met Israel gegaan het, behoort alle nasies rondom Israel te sien, hoe God teweerk gaan, en behoort hulle na Jerusalem te stroom om ook hierdie God te wil aanbid wat Israel aanbid. Israel sal heidennasies leer en onderig; Israel sal die voorbeeld wees van 'n geheiligde lewe; Israel sal eerste die verbondseën ontvang wat vir die hele aarde bedoel is.

Dieselfde beginsel geld ook vir die Nuwe Testamentiese volk, in die nuwe Verbond, die kerk - vir jou en my. Ons is uitgesonder. Deur die verbond van die heilige doop is ons tot *God se kinders* verklaar. Vir óns wil God eerste sy genade bewys dat ons só sal wees soos God se Seun Jesus Christus (gepries is sy Naam in ewigheid!). En welliswaar sal ons ooreenkomstig die beeld van Christus wees nie slegs in die opstanding van die liggaam aan die einde van die tye nie, maar vanaf die doop, met die verbinding met die Drie-Enige God, ontvang ons ons nou reeds opstandingslewe.

In hierdie brief, soos in alle ander briewe, verduidelik Paulus dan nou, hoe hierdie opstandingslewe prakties uitgeleef word. En die eerste vergelyding wat Paulus gebruik, is die metafoer van die uittrek en aantrek van kledingstukke.

Soos julle vanoggend waarskynlik almal van julle nagklere ontslae geraak het om mooi klere aan te trek, praat Paulus van vuil klere wat uitgetrek moet word en nuwe klere wat aangetrek word. Ou, vuil klere is ou en slegte gewoontes, vuil woordeskat, ongepaste houdings en destruktiewe gesindhede: Kol 3:8+9 **Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het.**

En trek aan die nuwe mens, nuwe gewoontes en gesindhede. Dit is die nuwe kleed wat Christus vir ons gegee het toe ons met Hom verbind is. Die nuwe kleed is dan juis al dié dinge wat Christus vir ons gegee het.

Weereens let op: hierdie is nie 'n motiveringstoespraak in die sin dat Paulus 'n beroep doen op ons innerlike, menslike potensiaal nie in die sin van: "come on, kêrels, julle moet nou reg kom; luister na julle 'gut feeling', julle hart, wees bietjie meer humanitêr en betoon medemenslikheid." Nee, Paulus het dan nou net na die *oue mens* (menslike natuur) verwys as iets binne in ons wat korrup en deurmekaar is. As ek slegs na my eie welstand gestreef het, as ek net vir myself sou wou geleef het, sou ek nie hier as predikant gestaan het nie; ek sou geld soos bossies maak en sorg dat ek die lekkerste lewe denkbaar sou kry; ek sou net insover vir ander omgee as wat hulle my kan dien en ek hulle kan uitbuit vir my eie gewin.

Nee, skryf Paulus vir die bemindes in Christus, verwerp daardie soort denke; gooi dit uit; verban dit uit jou kop! Want julle behoort nie meer aan julle self nie; julle lewe 'n nuwe lewe in Christus - en daarmee gepaart gaan 'n nuwe wese, 'n geheiligde denke en daarom 'n nuwe soort houding en daarom 'n ander soort optrede.

Nou dat julle bevry is van julle eie egoïsme, van die invloede van die begeerlikhede van hierdie wêreld: **Beklee julle dan, as die uitverkorenes van God, julle heiliges en geliefdes, met innerlike meegevoel, opregte vriedelikheid, nederigheid, sagmoedigheid en geduld. Al sou een van julle rede hê om te kla oor wat 'n ander een aan hom gedoen het, moet julle mekaar verdra en mekaar vergewe soos Christus julle vergewe het.**

Ons sal net-nou na hierdie enkele punte weer terugkom. Dit is dalk goed om by Paulus se samevatting in vers 17 te begin. Die hoofgedagte word vir ons in die laaste vers gegee: "alles wat julle doen en alles wat julle sê, doen dit in die naam van die Here Jesus Christus".

Wat beteken hierdie "in die naam van die Here Jesus Christus"?

"*In die naam van Jesus*" beteken eerstens "in plaas van" of "in die plek van" Jesus. Ons tree op in plaas van Jesus. Ons het die outoriteit van Jesus ontvang.

Laat ek 'n voorbeeld gebruik. Op 'n ander plek praat Paulus daarvan: ons is ambassadeurs van Christus. Hier in Pretoria het ons talle ambasades. Die ambassadeur van 'n ander land verteenwoordig die belange van die land vanwaar hy/sy gestuur is. Die ambassadeur mag dalk 'n mening van sy eie hê maar wanneer hy/sy in sy amp staan, doen en onderhandel hy net soos die opdrag vir hom/haar gegee is. In die naam van sy land kan hy dokumente teken, onderhandel en optree. Ons Christene tree op namens Christus - beteken soveel: ons sal net so optree soos Christus. Paulus sê vir ons: in die naam van Jesus - vergewe mekaar!

Maar "in die naam van Jesus" het nog 'n dieper betekenis. Dit beteken dat ons hele wese en al ons denke in Jesus ingebed is en deur Jesus bepaal word: **Is iemand in Christus dan is hy 'n nuwe skepping.** (2 Kor 5:17) Dan is die ou lewe verby en 'n nuwe lewe het begin. In, en as gevolg van hierdie nuwe skepping word ons denke en doen en late herskep. Ons staan onder die heerskappy van God se Gees. Ons hele bestaan is nou in Jesus. Paulus kan skryf: óf ek lewe en óf ek sterf - ek behoort aan Christus! Hy dra die laaste verantwoordelikheid wat met my gebeur. Die herskepping

van God word in my 'n werklikheid. Hy het my 'n nuwe liggaam en nuwe denke gegee. Sy wil gebeur in my. Ek kan nie anders nie, as om sy wil uitvoer nie want in Hom leef, weef en is ons. Paulus sê nou vir ons: "alles wat julle doen en alles wat julle sê, doen dit in die naam van die Here Jesus" Met ander woorde: alles wat julle doen en sê, is mos soos Jesus dit doen, nie waar nie? Nou verstaan ons wanner Paulus ook sê: In die naam van Jesus - vergewe mekaar!

Paulus skryf aan 'n gemeente waar dit duidelik is dat daar baie probleme is. Ook by ons sal beswaarlik iemand opstaan en proklameer: Ek tree op soos Jesus! - want ons almal ook nog sondaars; die ou natuur is maar nog teenwoordig. Dit gebeur dat ons gefrustreerd raak, dat sommige karaktereiensakke van 'n ander persoon op ons senuwees werk, dat hier-en-daar ook gesondig word. En dan het ons 'n keuse: óf ons onttrek en vermy die persoon (vergaderings, aksies, eredienste), óf ons "slaan terug", sê vir die persoon ons mening en skrik die ander persoon weg, óf ons doen dit soos Jesus dit doen.

Om die ander persoon te kan vergewe en om op 'n verantwoordelike manier om te gaan met die voute van 'n medebroer/suster sal ons 'n ander houding moet aankweek. En as ek vooraf weet dat God reeds alle vrede gegee het, dan beteken dit: ek moet dit ontdek, vir myself toeëien en uitleef: Ek begin insien: „As Jesus my sondes vergewe het, dan het Hy ook die sondes van my medechristene vergewe. As Jesus belowe het om altyd by my te bly, dan is Hy ook in die lewe van my broer/suster aanwesig en werksaam. Ek lewe nie meer alleen nie, maar Jesus is altyd by my. So ook: as ek my medechristen ontmoet, dan ontmoet ek hom en Christus terselfdertyd. Ons ontmoet mekaar altyd op dieselfde fondament, op gelyke basis: Christus!”

Op hierdie wyse kan ons met mekaar in liefde benader. Ons kan met mekaar bly wees, ons kan met mekaar gesels en lag en huil. Maar ons kan ook met mekaar argumenteer en meningsverskille hê. Een goeie voorbeeld waar dit na vore kom, is ons Gemeentevergadering. Daar bespreek ons nie net finansies en probleme nie, daar word ook hewig geargumenteer. Maar wat ons ook al doen, ons doen een nie: ons gaan nie van mekaar weg nie. Ons is die *een liggaam van Christus* en ons stry altyd op die vloer van versoening. Dit is die voorveronderstelling dat ons nie uitmekaar sal gaan nie want die eenheid is reeds daar.

Mag ek nog 'n voorbeeld noem: binnekort vier ons weer ALM erediens saam met ons Duitse en Engelse geloofsgenote. Daar is sommige gemeentelede by ons wat prontuit sê: maar ek hou nie van die manier hoe hulle sing en daans en te kere gaan nie. Nog erger is wanneer sommiges dink: ek wil nie saam met die swartes sit nie; kyk wat vang hulle met ons land aan.

Hierdie houding is vals en sondig en pas nie by ons geloof nie. Dis die ou natuur wat skeiding en rassisme aanhits. Paulus sê: trek die ou mens uit, verdryf die gedagtes uit jou kop en trek die nuwe mens aan. Herhaaldelik verwys Paulus in sy brief na die karakter van die gemeente as die een liggaam van Christus. God het vir jou uitgekies - sowel as jou medebroer en suster.

En vanselfsprekend geld hierdie oproep ook vir ons Afrika-landsgenote. Daar's ook van hulle wat teenoor ons kla: „maar dis so vervelig en dood - hoe kan ons God loof en nie wil daans nie? Is die Heilige Gees daar?”

En ons antwoord met Paulus: die manier van aanbidding doen elkeen volgens hulle kultuur en karakter. En God het ons almal bymekaar gevoeg om een liggaam te wees, om mekaar te verryk en op te bou. Hulle behoort hulle te verheug oor ons talente, en ons is verbly oor hulle talente. En daar is nie meer 'n "ons" en "julle" nie; daar is in die een gemeente van Christus slegs nog verskillende maniere, verskillende geestesgawes en verskillende bedieninge. Almal werk saam! En weet jy wat: dis lekker om doelbewus jouself voor te neem: ek wil verstaan, ek wil leer, ek wil ander maniere leer ken, ek wil sien wat God met ons hele geloofsgemeenskap doen.

En boonop: hierdie gesamentlike eredienste is van die min geleentede wat ons inderdaad ook saam getuienis lewer. Net om daar te wees, is reeds goed, maar nog beter is om aktief te kommunikeer.

In die kerk glo ons aan die één Here God en aan die één liggaam van Christus - dit is sy gemeente. Ons glo in die een doop en die een geloof in God onse vader. HY is soverain, Hy stel die standarde, Hy werk deur almal. Dit is bevrydend om te weet, ek mag ook my sê sê, want, al maak ek voute, sal die ander my nie verwerp nie; die eenheid sal bly bestaan. Vanuit hierdie standpunt bou ons gemeente na binne en na buite. Ons optrede is die getuigenis vir ander. Ons nooi ander mense buite die gemeente uit om hulle ook met God en hulle medemense te versoen.

Ek hou van die woord “nederigheid” - iets waarvan die Griekse lesers kon aanstoot neem. “Sagmoedigheid” spreek teen trotsheid, selfversekerheid, eer en aansien. Miskien ken julle die advertensie op TV van Nedbank: partnership with somebody who knows. Daar word ’n wilde perd gewys, en die eenaar bel vir iemand wat die perd kan tem, uiteindelik klim ’n ruiter op die perd, hulle oefen en wen dan natuurlik ook die perdewedren.

So, wat doen die afrigter met die wilde perd? Hy breek nie die perd se ongetemde, vuurige gees nie maar kanaliseer die energie in lyn met hoe die ruiter wil hê die perd moet hardloop. Die woord “sagmoedigheid” hier dra hierdie betekenis van “in lyn bring met die Gees van God”. Die Gees van God maak gebruik van my karakter, my emosies en talente. Maar net so maak God ook gebruik ook van die karakters van ander mense. Almal kom onder die heerskapy van die afrigter en ruiter - die Heilige Gees. Moenie die mening toegedaan wees nie dat ander se talente nie belangrik sou wees nie, maar *in nederigheid* aanvaar mekaar en ondersteun mekaar en bou mekaar.

Paulus skryf ter afsluiting. **Bo alles bekleë julle met liefde, wat julle volmaak sal maak.** Oefen julle in die liefde en leef die liefde van Christus uit. Wie homself in die liefde oefen, het nie meer tyd om voute te soek nie. Wie homself in die liefde oefen, verloor die lekkerte in egoïsme of in verskonings soek, maar word gemotiveer en kreatief - hy bekleë homself met volmaaktheid.

Dit is 'n wonderlike ontdekking: ons is vergewe, ons is in Christus gedoop, ons het 'n geloofsfamilie met wie ons saam God loof en prys. Ons oefen onself in die liefde, deur dat ons na die woord van God luister: leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere - en des ter meer op hierdie Sondag Kantate (sing!)

Ek wens ons almal toe, dat ons al hoe meer in hierdie een geloof en die een gemeente gevestig sal raak en dat alles wat ons doen en alles wat ons sê, dit in die naam van ons Here Jesus Christus sal gebeur. Amen.

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, die waak hou oor julle gedagtes en gevoelens in Christus Jesus, onse Here. Amen.